- die vermoë te demonstreeer om die verwerwe kennis te gebruik om goed-gedefinieerde probleme in verband met lesbeplanning op te los, waardeur 'n verskeidenheid temas in gesondheidsbevordering, persoonlike ontwikkeling en - welstand, en beroepe en beroepskeuses, soos aangedui in die assesseringstandaarde van hierdie leeruitomste in die verskillende fases, toegepas word.
- eties-verantwoordelik en waarde-gedrewe op te tree in alle omstandighede en vorme van kommunikasie, geskrewe sowel as mondelings, met verwysing na die onderrig en leer van gesondheidsbevordering, persoonlike ontwikkeling en - welstand, en beroepe en beroepskeuses in die verskillende fases.

## **LORE221      LEWENSORIËNTERING**

3 ure 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om:

- deeglike kennis van die terminologieë, benaderings, konsepte, beginsels en teorieë wat betrekking het op die spesifieke aspekte van die fisieke ontwikkeling en burgerskap vir leerders in die VOO-fase te demonstreeer,
- verskillende fisieke ontwikkeling en burgerskap temas vir die assesseringstandaarde in die VOO-fase te identifiseer en aktiwiteite te beplan wat begrip demonstreeer vir die verskillende benaderings, terminologieë en konsepte binne die konteks van Lewensoriëntering,
- die vermoë kan demonstreeer om die verwerwe kennis te gebruik om duidelik-beskryfde probleme wat betrekking het op 'n verskeidenheid van temas soos aangedui in die assesseringstandaarde binne die VOO-fase op te los,
- eties verantwoordelik en waardegedrewe op te tree in alle omstandighede en vorme van kommunikasie, geskrewe sowel as mondelings wat betrekking het op die onderrig en leer van fisieke ontwikkeling en burgerskap aktiwiteite binne die VOO-fase.

## **LORE311      LEWENSORIËNTERING**

3 ure 1:1

Na die voltooiing van hierdie module, behoort die leerder in staat te wees om:

- 'n goed-afgeronde en sistematiese akademiese kennisbasis en begrip van beroepe en beroepskeuses te demonstreeer, dit te kommunikeer, te fasiliteer, krities te analiseer en leerders te lei om die wêreld van

werk in te gaan, relevante werknemings-wetgewing, hoe om toegang daartoe te kry, en om werkloosheid te hanteer.

- 'n verskeidenheid vaardighede toe te pas, eie vermoë te evalueer en stres te hanteer, en by verandering aan te pas as deel van 'n voortdurende gesonde lewenstylkeuse;
- die belangrikheid van die inisiëring, bou en instandhouding van positiewe verhoudings met gesinne en porture asook in die werkplek en die breër sosiale konteks, te bespreek;
- die menslike en omgewingsfaktore wat swak gesondheid, ongelukke, krisisse en rampe veroorsaak, te ondersoek, en geskikte maniere te verken om dit te hanteer;
- die wyse waarop ongelyke magsverhoudings tussen geslagte saamgestel is asook die wyse waarin hulle gesondheid en welstand beïnvloed, te ondersoek, en hierdie begrip in werk-, kulturele en sosiale konteks toe te pas.

### **LORE321 LEWENSORIËTERING**

3 ure 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om:

- afgeronde en sistematiese kennis van die terminologieë, benaderings, konsepte, beginsels en teorieë wat betrekking het op die spesifieke aspekte van die fisieke ontwikkeling en burgerskap vir leerders in die VOO-fase te demonstreer,
- verskillende fisieke ontwikkeling en burgerskap temas vir die assesseringstandaarde in die VOO-fase te identifiseer en aktiwiteite te beplan wat begrip demonstreer vir die verskillende benaderings, terminologieë en konsepte binne die konteks van Lewensoriëntering,
- die vermoë kan demonstreer om die verworwe kennis te gebruik om duidelik-beskryfde maar onbekende probleme wat betrekking het op 'n verskeidenheid van temas soos aangedui in die assesseringstandaarde binne die VOO-fase op te los,
- eties verantwoordelik en waardegedrewe op te tree in alle omstandighede en vorme van kommunikasie, geskrewe sowel as mondelings wat betrekking het op die onderrig en leer van fisieke ontwikkeling en burgerskap aktiwiteite binne die VOO-fase.

### **LSFP111 LEERDERONDERSTEUNING: (GRONDSLAGFASE)**

2 ure 1:1

By voltooiing van hierdie module behoort die leerder:

- basiese kennis van die teoretiese raamwerk vir leerderondersteuning te toon;
- basiese kennis van die toepassing van 'n inklusiewe onderwysmodel in Suid-Afrika te toon ten opsigte van die gevolge van leerderondersteuning;
- die kennis toe te pas om die wyse waarop leerderondersteuning toegepas word in skole in die inklusiewe onderwysmodel te verduidelik;
- 'n positiewe benadering toon tot leerderondersteuning soos toegepas op die nuwe inklusiewe onderwysmodel en respek toon aan alle leerders en ouers.

**LSFP121 LEERDERONDERSTEUNING: (GRONDSLAGFASE))**

2 ure 1:1

By voltooiing van hierdie module, behoort die student:

- 'n basiese kennis oor die verskuiwing vanaf spesiale behoeftes tot hindernisse tot leer in 'n inklusiewe onderwysmodel en die verskillende kategorieë te toon;
- 'n basiese kennis van die definisie, oorsake en eienskappe van individuele hindernisse tot die leerondervinding by leerders te toon;
- 'n basiese kennis van die hindernisse tot die leer in die huis, skool en die gemeenskap te toon;
- oor die vermoë te beskik om hindernisse tot leer te herken en te identifiseer, deur gebruik te maak van verworwe kennis;
- die komplekse integrasie tussen die onderskeie hindernisse tot leer te verstaan;
- die korrekte inklusiewe onderwys terminologie te gebruik rakende die leerders wat hindernisse tot leer ervaar.

**LSFP211 DIE LEERDERONDERSTEUNINGSPROSES: BASIESE VAARDIGHEDE EN STRATEGIEË**

2 ure 1:1

By voltooiing van hierdie module, behoort die student :

- 'n grondige kennis te toon van die verskillende fases in die leerderondersteuningsproses;
- die vaardighede te toon om die proses toe te pas om leerders wat hindernisse tot leer ervaar, te ondersteun;

- die kennis en vaardighede te integreer om 'n profiel op te stel van leerders wat hindernisse tot leer ervaar, met spesifieke verwysing na hindernisse, bates, ondersteuningstrategieë en die rolspelers wat in die proses betrokke sal wees.

### **LSFP221 LEERDERONDERSTEUNING: GESPECIALISEERDE VAARDIGHEDE EN STRATEGIE**

2 ure 1:1

By voltooiing van hierdie module, behoort die studente:

- kennis te toon van die wyses waarop grondige inligting oor spesifieke hindernisse in die leerproses bekom kan word, hoe om klaskamer aanpassings te maak en ondersteuningsplanne te ontwikkel vir individuele leerders;
- die vaardighede te toon om hierdie kennis toe te pas op gevallestudies;
- die bevoegdheid te toon om die leerderondersteuningsproses te bestuur en evalueer;
- 'n waardering te toon vir die rol van leerders, ouers en opvoeders in die leerderondersteuningsproses;
- die belangrikheid van die leerderondersteuningsproses as 'n wyse waarop die inklusiewe ideaal van kwaliteit onderrig vir almal bereik kan word, te bevorder.

### **LSKA322 LEWENVAARDIGHEDE: KUNS**

2 ure 1:1

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module, behoort u:

- **bewys te kan lewer van 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis** ten opsigte van die gebruik van toepaslike visuele terminologie vir die fasilitering van Visuele Kuns aktiwiteite in die Grondslag Fase; asook 'n afgeronde kennis basis te hê van die Nasionale Kurrikulum vir die leerarea kuns en kultuur in die Grondslag Fase;
- **toepaslike ouderdomsaktiwiteite en tegnieke te identifiseer** wat betrekking het tot die kinderkuns ontwikkeling en praktiese aktiwiteite in die Grondslag Fase, en wat ook die kognitiewe en kritieke begrippe van kuns as vakdidaktiek in die praktiese kunsonderwys ondersteun;
- **bewys te kan lewer van tegniese vaardighede** in die leerarea kuns en kultuur kurrikulum, en kennis, idees en menings in goed gestruktureerde argumente te kan aanbied en kommunikeer en

getuienis te kan lewer van visuele navorsingsbenaderings binne die konteks van fasilitering deur middel van integrasie van kennis, informasie tegnologie en die informele benadering tot lesaanbieding in kuns;

- **bewys te kan lewer van die vermoë om etiese verantwoordelike gedrag** te openbaar binne die verskeidenheid van die Nasionale Kurrikulum vir kuns en kultuur in die Grondslag Fase.

### **LSKE321 LEWENVAARDIGHEDE: OMGEWINGSTUDIES**

2 ure 1:1

#### **Na voltooiing van die module behoort die leerder:**

- 'n Volronde en sistematiese kennis van die omgewing en in-diepte kennis van areas van die omgewing te demonstreer;
- essensiële prosedures en prosesse met betrekking tot die natuur en die veld van omgewingstudies te verduidelik en toe te pas;
- onderrigleer-beginsels wat toepaslik is vir omgewingstudies te demonstreer en toe te pas tydens die beplanning en fasilitering van leerervarings vir Grondslagfase leerders; en
- sensitiwiteit teenoor die natuur en 'n verantwoordelike besef vir die belangrike rol wat mense speel in die bewaring van die omgewing, te demonstreer deur uitdrukking te gee aan sy/haar eie waardesisteem.

### **LSKH221 LEWENVAARDIGHEDE: GESONDHEIDSOPVOEDKUNDE**

2 ure 1:1

#### **Na voltooiing van die module behoort die leerder:**

- 'n Stewige kennisbasis met goeie begrip van gesondheid en die sleutelaspekte, teorieë en beginsels van gesondheidsbevordering te demonstreer;
- essensiële metodes, prosedures en tegnieke te kies en toe te pas ten einde lewensvaardighede en gesondheidsbevordering te bevorder;
- verworwe kennis toe te pas deur goedgedefinieerde gesondheidsprobleme in 'n bekende konteks aan te spreek en op te los; en
- eties-korrekte houdings en gedrag te demonstreer ten opsigte van die gesondheid van alle leerders asook sensitiwiteit teenoor leerders met spesifieke gesondheidsprobleme, insluitend MIV/Vigs en misbruik.



**LSKM121      LEWENVAARDIGHEDE: MUSIEK**

2 ure 1:1

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort u:

- bewys te kan lewer van basiese kennis en ingeligte begrip van sommige van die musiekkonsepte soos ritme, melodie, vorm, tekstuur, tempo, timbre/toonkleur en dinamiek;
- sommige musiekaktiwiteite en –vaardighede te kan ontleed en toepas waarby jong leerders betrokke kan wees, soos sang, beweging, beluistering, instrumentale spel, improvisasie en lees en skryf van musiek en skoolleerders op die kitaar of Afrika slaginstrumente te kan begelei;
- bewys te kan lewer van die vermoë om goed gedefinieerde probleem op te los tydens die beplanning van toepaslike musiekaktiwiteite en -lesse in die Grondslagfase; en
- eties verantwoordelike gedrag te openbaar terwyl u deurlopend u rol as 'n Grondslagfase-musiekonderwyser ontwikkel.

**LSKM211      LEWENVAARDIGHEDE: MUSIEK**

2 ure 1:1

Na suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort u:

- Bewys te kan lewer van 'n grondige kennisbasis en deeglike begrip van musiek-, dans- en dramabegrippe en –aktiwiteite vir die Grondslagfase en die groepering en saamtros van assesseringstandaarde in die Grondslagfase-lesse te kan toepas om bewys te kan lewer van 'n beter begrip van die toepassing van die NKV.
- inligting oor die implikasies van die ontwikkeling van die jong leerder vir musiekopleiding krities te kan ontleed en sintetiseer, verskillende didaktiese beginsels in musiek te kan toepas, musiek te kan lees en skryf, hierdie vaardighede kreatief in verskillende toepaslike musiekaktiwiteite te kan toepas, blokfluit of melodika te kan bespeel en meer gevorderde Grondslagfase-liedjies op die kitaar of Afrika slaginstrumente te kan begelei.
- bewys te kan lewer van die vermoë om goed gedefinieerde maar onbekende probleme te kan oplos tydens die beplanning van toepaslike musiek-, dans- en drama-aktiwiteite en -lesse in die Grondslagfase; en
- wêreldbeskouings te kan vergelyk en u eie wêreldbeskouing te kan

laat blyk terwyl u voortdurend u rol as Grondslagfase-musiekonderwyser ontwikkel.

### **LSKN312 LEWENSWAARDIGHEDE: VOEDING**

2 ure 1:1

Na voltooiing van die module behoort die leerders:

- 'n afgeronde kennis basis en goeie begrip oor voeding vir kinders as 'n komponent van Lewensvaardighede demonstreer, insluitende die volgende: verskeie aspekte van voeding, kos, ondervoeding, wanvoeding en spesiale diëte vir jong leerders; verskeie probleme wat verband hou met aspekte van voeding in die Suid-Afrikaanse konteks; die impak wat voeding het op die ontwikkeling van die kind en om bewus te wees van goeie voeding en 'n gesonde lewenstyl; en
- die vermoë om goed gedefinieerde probleme op te los deur gebruik te maak van die geskikte prosedures en bewyse gebaseer op bogenoemde temas, die beplanning van aktiwiteite, idees en teoretiese beginsels te demonstreer; en
- die vermoë om probleme op te los ten opsigte van die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die bogenoemde teorie deur gebruik te maak van basiese inligtings tegnologie te demonstreer; en
- eie idees en menings in goed gestruktureerde argumente op 'n professionele wyse te demonstreer.

### **LSKP311 LEWENSWAARDIGHEDE: LIGGAAMSOPVOEDING**

2 ure 1:1

Na die voltooiing van hierdie module, behoort die student in staat te wees om:

- 'n goed-afgeronde en sistematiese kennis van die perseptueel- en groot-motoriese ontwikkeling van die Grondslagfase leerder te demonstreer;
- 'n verskeidenheid bewegingsaktiwiteite te identifiseer en beplan wat 'n samehangende begrip van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls van bewegingsontwikkeling ondersteun;
- probleemoplossingsvaardighede te demonstreer om wetenskaplike en kreatiewe bewegingsontwikkelingslesse te beplan en aan te bied vir spesifieke toepassing op verskillende ouderdoms- en ontwikkelingsgroepe in die Grondslagfase;

- probleemoplossingsvaardigede te demonstreer om perseptueel- en groot-motoriese probleme en ander bewegingsverwante mediese toestande te identifiseer en aan te spreek.

**LSKR111 LEWENSWAARDIGHEDE: GODSDIENSONDERRIG**

2 ure 1:1

**Na voltooiing van die module behoort die leerder:**

- Fundamentele kennis van Lewensoriëntering as Leerarea in die Grondslagfase te kan demonstreer;
- die vermoë hê om lewensvaardigheidsmetodes, tegnieke, en prosedures toe te pas om persoonlike en sosiale vaardighede te fasiliteer;
- kennis van verskillende en diverse godsdienstige groepe toe te pas om probleme binne 'n bekende konteks op te los; en
- eties-professionele gedrag en waardes van verdraagsaamheid teenoor die kulturele en godsdienstige diversiteit in ons gemeenskap te demonstreer.

**MALA211 LEERAREA WISKUNDE: ONTWIKKELING VAN GETALSTELSELS**

3 ure 3:2

**Na voltooiing van die module behoort die leerder:**

- basiese kennis, begrip en insig te demonstreer ten opsigte van die historiese ontwikkeling van die tiendelige getalstelsel, ander basisse, die uitbreiding van berekeningsprosedures met natuurlike getalle, telgetalle, na heelgetalle en rasionale getalle;
- vaardigheid te besit om leer met verstaan te fasiliteer deur die oplossing van lewenswerklike situasies (probleme) en die implementering van verskeie berekeningsprosedures;
- bevoeg te wees om die oplossings, modelle en voorstellings van leerders te interpreteer en te remedieer, waar nodig;
- die geldigheid van wiskundige voorstellings of modelle en (leerders se) antwoorde/oplossings te kan evalueer.

**MALA221 LEERAREA WISKUNDE: GETALSTELSELS EN ALGEBRA**

3 ure 3:2

**Na voltooiing van die module behoort die leerder:**

- basiese kennis, begrip en insig te demonstreeer ten opsigte van die uitbreiding van berekeningsprosedures, gevorderde hoofrekenestategieë (heelgetalle na rasionale en reële getalle);
- vaardigheid besit om leer met verstaan te fasiliteer deur die oplossing van lewenswerklike situasies (probleme) in konteks, deur 'n verskeidenheid berekeningsprosedures te implementeer;
- bevoeg te wees om die oplossings, modelle en voorstellings van leerders te interpreteer en te remedieer waar nodig;
- die geldigheid van wiskundige voorstelling/modelle en (leerders se) antwoorde/oplossings te kan evalueer.

**MALA311 LEERAREA WISKUNDE: DATAHANTERING EN FUNKSIONELE VERWANTSKAPPE**

3 ure 3:2

Na voltooiing van die module behoort die leerder:

- basiese kennis, begrip en insig te demonstreeer ten opsigte van gevorderde getalpatrone (insluitend rye en reekse); elementêre funksionele verwantskappe, datahantering asook die implementering van toepaslike tegnologie;
- vaardigheid besit om leer met verstaan te fasiliteer deur die oplossing van lewenswerklike situasies (probleme) deur verskeie berekeningsprosedures en voorstellings te implementeer
- bevoeg te wees om die oplossings, modelle en voorstellings van leerders te interpreteer en te remedieer waar nodig;
- die geldigheid van wiskundige voorstelling/modelle en (leerders se) antwoorde/oplossings te kan evalueer.

**MALA321 LEERAREA WISKUNDE: MEETKUNDE - 'N ONDERSOEKENDE BENADERING**

3 ure 3:2

Na voltooiing van die module behoort die leerder:

- basiese kennis, begrip en insig te demonstreeer ten opsigte van Euklidiese Meetkunde en basiese sferiese meetkunde (insluitend die ontdekking van en ondersoek na meetkunde, m.b.v. 3-D lewenswerklike voorwerpe en 2-D lewenswerklike vorms);
- vaardigheid besit om leer van meetkunde (met verstaan) te fasiliteer deur die oplossing van lewenswerklike situasies (probleme) deur gebruik te maak van verskeie toepaslike prosedures, soos

konstruksies en ander tegnologie insluitend rekenaarprogramme en ander toepaslike hulpmiddels);

- bevoeg te wees om die meetkundige oplossings, -modelle en -voorstellings van leerders te interpreteer en te remedieer waar nodig
- die geldigheid van meetkundige voorstelling/modelle en (leerders se) antwoorde/oplossings te kan evalueer.

### **MATD211 WISKUNDEMETODIEK: SNR FASE**

2 ure 3:2

Na voltooiing van die module behoort die leerders:

- grondige kennis van onderrig-leerbenaderings in wiskunde te demonstreer;
- die rol van assessering van en vir die leer van wiskunde te identifiseer en te motiveer;
- verskillende onderrigstrategieë toe te pas in die beplanning en aanbieding van wiskundelesse vir seniorfase skoolleerders;
- 'n Waardering vir die waarde van wiskunde in die werklik lewe te illustreer deur kommunikasie en gedrag.

### **MATD321 WISKUNDEMETODIEK: INT / VOO FASE**

2 ure 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerders:

- afgeronde en sistematiese kennis van die struktuur en inhoud van die skoolwiskundekurrikulum met betrekking tot die spesifieke skoolfase te demonstreer;
- sleutelbegrippe en prosedures wat in skoolwiskunde onderrig en geleer word, toe te pas in die beplanning en samestelling van 'n werkskedule vir 'n spesifieke graad van hierdie skoolfase;
- geskikte tegnologie gebruik om wiskundelesse vir die spesifieke faseleerders te beplan en aan te bied, met bewyslewering van teoretiese begroning;
- 'n waardering vir die waarde van wiskunde in die wêreld van werk te demonstreer deur kommunikasie en handeling.

**MATD411 WISKUNDEMETODIEK: INT / VOO FASE**

3 ure 3:2

**Uitkomst vir die Intermediêre Fase:**

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerders:

- uitgebreide en sistematiese kennis van die onderrig en leer van wiskunde in veeltalige Intermediêre Fase klaskamers te demonstreer;
- 'n waardering vir die waarde van wiskunde in die werklike lewe en deur kommunikasie te illustreer.

**UITKOMSTE VIR VOO:**

Na voltooiing van hierdie module behoort leerders :

- uitgebreide en sistematiese kennis van die struktuur en inhoud van die Wiskundige Geletterdheidskurrikulum te demonstreer;
- die vermoë te demonstreer om 'n portefeulje vir Wiskundige Geletterdheid te beplan en saam te stel, insluitend 'n werkskedule vir 'n spesifieke graad, lesplanne en selfontwikkelde leermateriaal;
- kennis van Wiskundige Geletterdheid toe te pas in die beplanning en aanbied van Wiskundige Geletterdheidslesse;
- die waarde van Wiskunde in die wêreld van werk te demonstreer deur kommunikasie en handeling in die klasituasie.

**MATD421 WISKUNDEMETODIEK: SENIOR FASE**

3 ure 3:2

Na afhandeling van hierdie module behoort leerders:

- uitgebreide en sistematiese kennis te demonstreer ten opsigte van die struktuur en inhoud van die skoolwiskundekurrikulum van toepassing op hierdie skoolfase;
- wiskundelesse beplan en uitvoer deur die effektiewe gebruik van tegnologie (sakrekenaars, grafiese sakrekenaars en rekenaarprogramme);
- die waarde van wiskunde in die werklikheid te illustreer deur kommunikasie en handeling in die klassituasie.

## **MATE111      ONDERWYSWISKUNDE: FUNKSIES**

3 ure 3:2

Na voltooiing van die module behoort leerders:

- basiese kennis, begrip en insig demonstreer ten opsigte van die volgende funksies: lineêre funksies, kwadratiese funksies, polinoomfunksies, absolute waarde-funksies, rasionale funksies, trigonometriese funksies, eksponensiële funksies, logaritmiëse funksies en hiperboliese funksies;
- vaardigheid besit om lewenswerklike situasies en werklikheidsgetroue probleme deur middel van die bogenoemde funksies te modelleer deur gebruik te maak van pen-en-papier-metodes sowel as toepaslike rekenaarprogrammatuur;
- bevoeg wees om die oplossings wat uit bogenoemde prosesse voortvloei te interpreteer. Ook moet leerders bevoeg wees om basiese bewerkings met funksies uit te voer, saamgestelde funksies te hanteer en om waar moontlik die inverse van funksies te bepaal.
- funksies te gebruik om lewenswerklike situasies en probleme te modelleer en die geldigheid van die wiskundige oplossings te evalueer.

## **MATE121      ONDERWYSWISKUNDE: ELEMENTÊRE STATISTIEK**

3 ure 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerders:

- basiese kennis, begrip en insig te demonstreer ten opsigte elementêre statistiek en waarskynlikheid;
- vaardigheid te demonstreer in die bepaling van die waarskynlikheid van 'n gebeurtenis deur 'n gepaste definisie te gebruik, asook die vaardigheid om data in te samel, te organiseer en voor te stel;
- die reëls van waarskynlikheid en statistiek toe te pas om lewensgetroue probleme op te los en data te interpreteer ten einde gevolgtrekkings te maak aangaande navorsingsvraagstukke, en ingeligte besluite te neem deur onder ander gebruik te maak van toepaslike rekenaarprogrammatuur wat van toepassing is om leerders voor te berei om statistiek, data-hantering en waarskynlikheid op skoolvlak te onderrig en te fasiliteer;

- die geldigheid van wiskundige oplossings binne die konteks van werklikheidsgetroue situasies te evalueer en om 'n waardeoordeel uit te spreek aangaande die plek van die verskillende onderwerpe in die module binne die breër raamwerk van wiskunde.

**MATE211 ONDERWYSWISKUNDE: SFERIESE EN EUKLIDIESE MEETKUNDE**

3 ure 3:2

Na voltooiing van die module behoort die leerders:

- rondige kennis, begrip en insig demonstreer ten opsigte van Sferiese en Euclidiese Meetkunde deur meetkunde op die plat vlak en op die sfeer te bestudeer;
- grondige kennis, begrip en insig demonstreer ten opsigte van kegelsnitte en in staat wees om kegelsnitte algebraïes en konseptueel te definieer en te beskryf;
- vaardig wees om die resultate van stellings en aksiomas op die plat vlak en die sfeer te vergelyk, die verwantskappe tussen trigonometrie op die plat vlak en trigonometrie op die sfeer te vergelyk;
- vaardig wees om toepaslike rekenaarprogrammatuur te gebruik om die modellering van lewenswerklike probleme te fasiliteer;
- bevoeg wees om die verband tussen sferiese meetkunde en werklikheidsgetroue situasies te ondersoek;
- bevoeg wees om die teorie van kegelsnitte toe te pas om werklikheidsgetroue probleme op te los;
- die geldigheid van die wiskundige oplossings vir werklikheidsgetroue probleme kan evalueer.

**MATE221 ONDERWYSWISKUNDE: INLEIDENDE ALGEBRA**

3 ure 3:2

Na voltooiing van die module moet die leerder:

- grondige kennis, begrip en insig demonstreer ten opsigte van getalstelsels, wiskundige induksie, komplekse getalle, polinoomfunksies, partiële breukontbinding en rye en reekse;
- vaardigheid demonstreer ten opsigte van bewerkinge met die verskillende getalstelsels en hul eienskappe, bewerkinge met polinoomfunksies, partiële breuke-ontbinding, berekeninge met rye en reekse en om die gedrag van rye en reekse te beskryf;



- bevoeg wees om die eienskappe van die verskillende getalstelsels te gebruik, verbande d.m.v. wiskundige induksie te bewys, werklikheidsgetroue situasies deur middel van polinome te modelleer, rekenaarprogrammatuur te gebruik om die gedrag van polinoomfunksies en rye te ondersoek en om werklikheidsgetroue probleme deur middel van rye en reekse te modelleer;
- in staat wees om die geldigheid van wiskundige oplossings binne die konteks van werklikheidsgetroue situasies te **evalueer** en om 'n waardeoordeel uit te spreek aangaande hoe die verskillende onderwerpe in die module binne die breër raamwerk van wiskunde pas.

### **MATE311 ONDERWYSWISKUNDE: ANALISE**

3 ure 3:2

Na voltooiing van die module moet die leerder:

- gevorderde kennis, begrip en insig demonstreer ten opsigte van limiete en kontinuïteit, die betekenis van die afgeleide, die betekenis van die integraal, die middelpuntreël, die eienskappe van die bepaalde integraal, Riemann-somme en die Hoofstelling van die Differensiaal- en Integraalrekening;
- vaardigheid demonstreer in die berekening van die afgeleide vanuit die definisie, die afleiding van sekere differensiasiereëls, die berekening van 'n groot verskeidenheid afgeleides, die limiet van 'n Riemann-som en 'n groot verskeidenheid onbepaalde sowel as bepaalde integrale;
- bevoeg wees om differensiasie en integrasie toe te pas ten einde die gedrag van funksies binne werklikheidsgetroue situasies te analiseer en probleme op te los waar veranderingstempo's, oppervlaktes, totale veranderinge en volumes betrokke is;
- in staat wees om die betekenis en geldigheid van sy analise of oplossings binne die konteks van werklikheidsgetroue situasies te evalueer.

### **MATE321 ONDERWYSWISKUNDE: LINEÛRE ALGEBRA**

3 ure 3:2

Na voltooiing van die module moet die leerder:

- gevorderde kennis, begrip en insig demonstreer ten opsigte van die oplossing van meetkundige probleme met behulp van meetkundige

vektore, vektorbewerkings, die lineêre afhanklikheid van vektore in 'n driedimensionele ruimte, basisse vir stelsels van vektore, die oplos van stelsels lineêre vergelykings binne werklikheidsgetroue kontekste, nie-lineêre vergelykings en nie- lineêre ongelykhede, algebraïese bewerkings met matrikse. en die toepassing daarvan binne die konteks van werklikheidsgetroue situasies;

- vaardigheid demonstreer in die gebruik van toepaslike rekenaarprogramme om matriksbewerkings uit te voer en lineêre programme grafies op te los;
- bevoeg wees om werklikheidsgetroue probleme deur middel van vektore, matrikse en lineêre programmering op te los;
- in staat wees om die geldigheid van wiskundige oplossings binne die konteks van werklikheidsgetroue situasies te evalueer.

### **MATF221 WISKUNDE IN PRAKTYK: GETALLE, BEWERKING EN DATAHANTERING**

2 ure 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort leerders:

- grondige kennis en insig te demonstreer ten opsigte van getalle, getalpatrone en bewerkings, asook van elementêre statistiek en waarskynlikheid;
- getalpatrone te kan identifiseer, en veralgemenings te kan maak, data vanuit verskillende kontekste in te samel, te organiseer en voor te stel;
- die vermoë te demonstreer om hierdie kennis gebruik in die oplos van lewenswerklike probleme in 'n verskeidenheid kontekste, asook elementêre statistiek te gebruik om die bevindings te analiseer, te kommunikeer, krities te interpreteer en voorspellings te maak deur middel van waarskynlikhede
- 'n positiewe gesindheid teenoor die onderrig en leer van wiskunde te ontwikkel.

### **MATF311 WISKUNDE IN PRAKTYK : MEETKUNDE IN AKSIE**

2 ure 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerders:

- afgeronde en sistematiese kennis ten opsigte van die eienskappe van en verwantskappe tussen tweedimensionele figure en driedimensionele voorwerpe te demonstreer;

- vaardigheid toon in die berekening van die oppervlakte van tweedimensionele figure en die buite-oppervlakte en volume van driedimensionele liggame;
- lewenswerklike probleme te kan oplos deur gebruik te maak van hierdie vaardighede, ingesluit die gebruik van dinamiese rekenaarsagteware (byvoorbeeld The Geometer's Sketchpad);
- die geldigheid van wiskundige oplossings binne die konteks van werklikheidsgetroue situasies te evalueer.

**MATL111 WISKUNDIGE GELETTERDHEID: VERKENNING VAN GETALLE EN VERWANTSKAPPE**

3 ure 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort leerders:

- basiese kennis van getalle en verwantskappe binne die konteks van 'n Wiskundige Geletterdheidskurrikulum te demonstreer;
- toepaslike lewenswerklike kontekste te identifiseer waarin die basiese kennis van getalle en verwantskappe ingepas kan word;
- probleemoplossingsvaardighede te demonstreer deur die toepassing van 'n basiese kennis van getalle en verwantskappe in die matematiesering van lewenswerklike situasies;
- waardering te toon vir die rol wat 'n basiese kennis van getalle en verwantskappe speel as gereedskap om die werklikheid te begrens.

**MATL121 WISKUNDIGE GELETTERDHEID: VERKENNING VAN MEETKUNDE**

3 ure 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort leerders:

- 'n basiese kennis van vorm, ruimte en meting binne die konteks van 'n Wiskundige Geletterdheidskurrikulum te demonstreer;
- toepaslike lewenswerklike kontekste te identifiseer waarin die basiese kennis van vorm, ruimte en meting ingepas kan word;
- probleemoplossingsvaardighede te demonstreer deur die toepassing van 'n basiese kennis van vorm, ruimte en meting in die matematiesering van lewenswerklike situasies;
- waardering te toon vir die rol wat 'n basiese kennis van vorm, ruimte en meting speel as gereedskap om die werklikheid te begrens.

**MATL211 WISKUNDIGE GELETTERDHEID: GETALLE IN KONTEKS**

3 ure 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort leerders:

- 'n grondige kennis van getalle binne die konteks van 'n Wiskundige Geletterheidskurrikulum te demonstreer;
- toepaslike lewenswerklike kontekste te identifiseer waarin die grondige kennis van getalle ingepas kan word;
- probleemoplossingsvaardighede te demonstreer deur die toepassing van 'n grondige kennis van getalle in die matematisering van lewenswerklike situasies;
- waardering te toon vir die rol wat 'n grondige kennis van getalle speel as gereedskap om sin te maak van die werklikheid.

**MATL221 WISKUNDIGE GELETTERDHEID: STATISTIEK IN KONTEKS**

3 ure 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort leerders:

- 'n grondige kennis van statistiek en waarskynlikheid binne die konteks van 'n Wiskundige Geletterheidskurrikulum te demonstreer;
- toepaslike lewenswerklike kontekste te identifiseer waarin die grondige kennis van statistiek en waarskynlikheid ingepas kan word;
- probleemoplossingsvaardighede te demonstreer deur die toepassing van 'n grondige kennis van statistiek en waarskynlikheid in die matematisering van lewenswerklike situasies;
- waardering te toon vir die rol wat 'n grondige kennis van statistiek en waarskynlikheid speel as gereedskap om die werklikheid te begrens.

**MATL311 WISKUNDIGE GELETTERDHEID: FUNKSIES IN KONTEKS**

3 ure 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort leerders:

- 'n afgeronde en sistematiese kennis van funksies binne die konteks van 'n Wiskundige Geletterheidskurrikulum te demonstreer;
- toepaslike lewenswerklike kontekste te identifiseer waarin die afgeronde en sistematiese kennis van funksies ingepas kan word.

- probleemoplossingsvaardighede te demonstreer deur die toepassing van 'n afgeronde en sistematiese kennis van funksies in die matematisering van lewenswerklike situasies;
- waardering te toon vir die rol wat 'n afgeronde en sistematiese kennis van funksies speel as gereedskap om sin te maak van die werklikheid;

**MATL321 WISKUNDIGE GELETTERDHEID: MEETKUNDE IN KONTEKS**

3 ure 3:2

Na voltooiing van hierdie module behoort leerders:

- 'n afgeronde en sistematiese kennis van vorm, ruimte en meting binne die konteks van 'n Wiskundige Geletterdheidskurrikulum te demonstreer;
- toepaslike lewenswerklike kontekste te identifiseer waarin die afgeronde en sistematiese kennis van vorm, ruimte en meting ingepas kan word;
- probleemoplossingsvaardighede te demonstreer deur die toepassing van 'n afgeronde en sistematiese kennis van vorm, ruimte en meting in die matematisering van lewenswerklike situasies;
- waardering te toon vir die rol wat 'n afgeronde en sistematiese kennis van vorm, ruimte en meting speel as gereedskap om die werklikheid te begrens.

**MOVD321 BEWEGINGSKUNDEMETODIEK: VOO FASE**

2 ure 1:1

Na die voltooiing van hierdie module, behoort die leerder in staat te wees om:

- 'n soliede kennisbasis van die terminologie, reëls, konsepte, beginsels, teorieë, metodes en strategieë met betrekking tot assessering en evaluering in Bewegingskunde en sport te demonstreer;
- die vermoë om essensiële teorieë, teks, metodes en strategieë met betrekking tot assessering en evaluering van verskeie bewegings- en sportvaardighede sowel as ander aspekte van beweging en sport te demonstreer;
- die vermoë te demonstreer om die verwerwe kennis te gebruik om goed-gedefinieerde probleme met betrekking tot program- en lesmodifikasies met behulp van die assessering en evaluering van verskeie beweging- en sportvaardighede sowel as ander aspekte van

beweging en sport, op te los, deur gebruik te maak van toepaslike tegnologiese vaardighede, en bewys te lewer van die teoretiese begronding;

- eties verantwoordelik en waarde-gedrewe op te tree in alle omstandighede en vorme van kommunikasie, geskrewe sowel as mondelings, met betrekking tot die assessering en evaluering van verskeie beweging- en sport vaardighede sowel as ander aspekte van beweging en sport, en die gevolglike program- en lesmodifikasies.

#### **MOVD411 BEWEGINGSKUNDEMETODIEK: VOO FASE**

3 ure 1:1

Na die voltooiing van hierdie module, behoort die leerder in staat te wees om:

- 'n allesomvattende en sistematiese kennisbasis van die terminologie, reëls, konsepte, beginsels, teorieë, metodes en strategieë met betrekking tot Bewegingsopvoeding by die aanbieding van beweging- en sportaktiwiteite, te demonstreer;
- die vermoë te demonstreer om essensiële teorieë en teks met betrekking tot Bewegingsopvoeding by die aanbieding van beweging- en sportaktiwiteite, te interpreteer, verander, evalueer en toe te pas;
- die vermoë te demonstreer om onbekende, konkrete en abstrakte probleme en kwessies met betrekking tot Bewegingsopvoeding by die aanbieding van beweging- en sportaktiwiteite te hanteer deur gebruik te maak van bewysgelewerde oplossings en teorie-gedrewe argumente;
- eties verantwoordelik en waarde-gedrewe op te tree in alle omstandighede en vorme van kommunikasie, geskrewe sowel as mondelings, met betrekking tot Bewegingsopvoeding by die aanbieding van beweging- en sportaktiwiteite.

#### **MOVE111 ONDERWYSBEWEGINGSKUNDE**

3 ure 1:1

Na die voltooiing van hierdie module, behoort die leerder in staat te wees om:

- 'n fundamentele kennisbasis van die terminologie, benaderings, konsepte, beginsels en teorieë met verwysing na spesifieke teoretiese aspekte van toegepaste anatomie en fisiologie as teoretiese grondslag in Bewegingskunde, en wateraktiwiteite as praktiese grondslag in Bewegingskunde te demonstreer;

- verskeie temas in die teoretiese aspekte van toegepaste fisiologie en anatomie as teoretiese grondslag vir Bewegingskunde asook die aanbod van waterverwante aktiwiteite as praktiese grondslag vir Bewegingskunde te identifiseer en daarvolgens effektief aktiwiteite te beplan wat 'n duidelike begrip van die verskillende benaderings, terminologie en konsepte binne die konteks van Bewegingskunde demonstreer;
- die vermoë te demonstreer om die verworwe kennis te gebruik om algemene probleme in verband met lesbeplanning op te los, waardeur 'n verskeidenheid temas in die teoretiese aspekte van toegepaste anatomie en fisiologie, asook in die aanbod van wateraktiwiteite toegepas word;
- eties-verantwoordelik en waarde-gedrewe op te tree in alle omstandighede en vorme van kommunikasie, geskrewe sowel as mondelings, met betrekking tot die teoretiese aspekte van toegepaste anatomie en fisiologie asook die aanbod van waterverwante aktiwiteite.

## **MOVE121      ONDERWYSBEWEGINGSKUNDE**

3 ure 1:1

Na die voltooiing van hierdie module, behoort die leerder in staat te wees om:

- 'n fundamentele kennisbasis van die terminologie, benaderings, konsepte, beginsels en teorieë met verwysing na die grondslag en historiese ontwikkeling van Bewegingskunde en sport as teoretiese onderbou, en basiese gimnastiek-vaardighede as praktiese grondslag van Bewegingskunde te demonstreer;
- verskeie temas in die grondslag en historiese ontwikkeling van Bewegingskunde en sport as teoretiese onderbou sowel as die aanbod van basiese gimnastiek-vaardighede as praktiese grondslag, te identifiseer en daarvolgens effektief aktiwiteite te beplan wat 'n duidelike begrip van die verskillende benaderings, terminologie en konsepte binne die konteks van Bewegingskunde demonstreer;
- die vermoë te demonstreer om die verworwe kennis te gebruik om algemene probleme in verband met lesbeplanning op te los, waardeur 'n verskeidenheid temas in die grondslag en historiese ontwikkeling van Bewegingskunde en sport as teoretiese onderbou sowel as die aanbod van basiese gimnastiek-vaardighede as praktiese grondslag toegepas word;
- eties-verantwoordelik en waarde-gedrewe op te tree in alle omstandighede en vorme van kommunikasie, geskrewe sowel as mondelings, met betrekking tot die grondslag en historiese

ontwikkeling van Bewegingskunde en sport as teoretiese onderbou, en basiese gimnastiek-vaardighede as praktiese grondslag van Bewegingskunde.

### **MOVE211 ONDERWYSBEWEGINGSKUNDE**

3 ure 1:1

Na die voltooiing van hierdie module, behoort die leerder in staat te wees om:

- 'n soliede kennisbasis van die terminologie, benaderings, konsepte, beginsels en teorieë met verwysing na oefenkunde as teoretiese onderbou, en opvoedkundige ritmiese- en dans-aktiwiteite as praktiese basis van Bewegingskunde te demonstreer;
- die vermoë om verskeie temas in oefenkunde as teoretiese onderbou, en opvoedkundige ritmiese- en dans-aktiwiteite as praktiese basis van Bewegingskunde te demonstreer; te identifiseer en daarvolgens effektief aktiwiteite te beplan wat van toepassing is en wat 'n duidelike begrip van die verskillende benaderings, terminologie en konsepte binne die konteks van Bewegingskunde demonstreer;
- die vermoë te demonstreer om die verwerwe kennis te gebruik om goed-gedefinieerde probleme in verband met oefenkunde op te los, en om kreatiewe lesse te beplan en aan te bied vir spesifieke aanwending in die onderrig van fisieke fiksheid-, ritmiese- en dans aktiwiteite, deur gebruik te maak van toepaslike tegnologiese vaardighede, en bewys te lewer van die teoretiese begronding.
- eties verantwoordelik en waarde-gedrewe op te tree in alle omstandighede en vorme van kommunikasie, geskrewe sowel as mondelings, met betrekking tot oefenkunde en die onderrig van fisieke fiksheidsaktiwiteite en opvoedkundige ritmiese en dans aktiwiteite.

### **MOVE221 ONDERWYSBEWEGINGSKUNDE**

3 ure 1:1

Na die voltooiing van hierdie module, behoort die leerder in staat te wees om:

- 'n soliede kennisbasis van die terminologie, reëls, konsepte, beginsels en teorieë met verwysing na sportbestuur as 'n teoretiese basis, en progressiewe sport- en spele-aktiwiteite as 'n praktiese basis van Bewegingskunde te demonstreer;



- die vermoë te demonstreer om essensiële teorieë en teks met betrekking tot sportbestuur as 'n teoretiese basis van Bewegingskunde te interpreteer, verander, evalueer en toepas, en om verwante aktiwiteite tot die onderrig van progressiewe sport en spele te identifiseer en effektief te beplan as 'n praktiese grondslag van Bewegingskunde;
- die vermoë te demonstreer om die verwerwe kennis te gebruik om goed-gedefinieerde probleme in verband met sportbestuur op te los, en om kreatiewe lesse te beplan en aan te bied vir spesifieke aanwending in die onderrig van progressiewe sport- en spele-aktiwiteite, deur gebruik te maak van toepaslike tegnologiese vaardighede, en bewys te lewer van die teoretiese begroning;
- eties verantwoordelik en waarde-gedrewe op te tree in alle omstandighede en vorme van kommunikasie, geskrewe sowel as mondelings, met betrekking tot sportbestuur en die onderrig van progressiewe sport en spele.

### **MOVE311 ONDERWYSBEWEGINGSKUNDE**

3 ure 1:1

Na die voltooiing van hierdie module, behoort die leerder in staat te wees om:

- 'n goed afgeronde en sistematiese kennisbasis van die terminologie, konsepte, beginsels, teorieë en die verloop van die leerder se perseptueel- en groot-motoriese ontwikkeling asook talent-identifisering voor en gedurende die leerder se skoolloopbaan, as 'n teoretiese basis van Bewegingskunde te demonstreer;
- die vermoë te demonstreer om essensiële teorieë en teks met betrekking tot perseptueel- en groot-motoriese ontwikkeling en talent-identifisering te interpreteer, omvorm, te evalueer en toe te pas, as 'n praktiese basis van Bewegingskunde;
- die vermoë te demonstreer om die verwerwe kennis te gebruik om onbekende, konkrete en abstrakte probleme in verband met die assessering van perseptueel- en groot-motoriese ontwikkeling en talent-identifisering op te los, en om remediërende bewegingsaktiwiteite met spesifieke verwysing na motoriese probleme, te beplan en aan te bied, deur gebruik te maak van toepaslike tegnologiese vaardighede, en bewys te lewer van teoretiese begroning;
- eties verantwoordelik en waarde-gedrewe op te tree in alle omstandighede en vorme van kommunikasie, geskrewe sowel as mondelings, met betrekking tot motoriese ontwikkeling, remediërende motoriese ontwikkeling en talent-identifisering.

### **MOVE321      ONDERWYSBEWEGINGSKUNDE**

3 ure 1:1

Na die voltooiing van hierdie module, behoort die leerder in staat te wees om:

- 'n goed afgeronde en sistematiese kennisbasis van die terminologie, reëls, konsepte, beginsels en teorieë met betrekking tot sportbaserings as 'n teoretiese basis; en rekreasie-gebaseerde bewegingsaktiwiteite as 'n praktiese basis van Bewegingsopvoeding te demonstreer;
- die vermoë te demonstreer om essensiële teorieë en teks met betrekking tot sportbaserings, as 'n teoretiese basis, te interpreteer, omvorm, evalueer en toe te pas; om verwante aktiwiteite in die onderrig van rekreasie-gebaseerde bewegingsaktiwiteite te identifiseer en effektief te beplan as 'n praktiese basis van Bewegingsopvoeding;
- die vermoë te demonstreer om die verworwe kennis te gebruik om onbekende, konkrete en abstrakte probleme in verband met sportbaserings op te los, en om kreatiewe lesse, wat spesifiek van toepassing is op die onderrig van rekreasie-gebaseerde bewegingsaktiwiteite, te beplan en aan te bied, deur gebruik te maak van toepaslike tegnologiese vaardighede, en bewys te lewer van die teoretiese begronding;
- eties verantwoordelik en waarde-gedrewe op te tree in alle omstandighede en vorme van kommunikasie, geskrewe sowel as mondelings, met betrekking tot sportbaserings en die onderrig van rekreasie-gebaseerde bewegingsaktiwiteite.

### **MTED211      MEGANIESE TEGNOLOGIEMETODIEK**

2 ure 1:1

Na afhandeling van die module moet die student in staat wees om:

- fundamentele kennis van die NKV beleid vir Meganiese Tegnologie in die VOO fase te kan demonstreer;
- kennis en vaardighede in probleem gebaseerde onderrigbenaderings te kan demonstreer;
- die vermoë om gepaste tegnologie lesse volgens die unieke metodologie van tegnologie, met en sonder hulpbronne te beplan.

**MTED321 MEGANIESE TEGNOLOGIEMETODIEK**

2 ure 1:1

Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- te begryp hoe Meganiese tegnologie op sosiale gebied 'n bydrae lewer ter bevordering van die skep van 'n 'n kultuur van menseregte, ekonomiese groei, entrepreneurskap, volhoubaarheid, verbetering van lewenskwaliteit en verskaffing van oplossings in reaksie op individuele- en gemeenskapsbehoefte;
- probleme in 'n Meganiese Tegnologiese omgewing te kan identifiseer en oplos deur onder andere kritiese en kreatiewe denke, sowel as innovering en oorspronklikheid te gebruik ten einde die kreatiewe potensiaal van die leerders te ontwikkel; en
- effektief te kan kommunikeer deur gebruik te maak van verbale, geskrewe, visuele en grafiese en elektroniese kommunikasie, asook wetenskaplike en wiskundige vaardighede soos toepaslik vir Meganiese Tegnologie.

**MTED421 MEGANIESE TEGNOLOGIEMETODIEK**

2 ure 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet die studente in staat wees om:

- aktiwiteite met verantwoordelikheid te kan organiseer en bestuur, en inligting effektief en krities te kan versamel, analiseer, organiseer, evalueer en voorstel;
- wetenskap en tegnologie effektief, kreatief en verantwoordelik te kan gebruik, met inagneming van die omgewing en die regte en gesondheid van ander, met spesifieke verwysing van die bestuur van die impak van Meganiese Tegnologie op natuurlike hulpbronne, kulturele waardes en sosio-ekonomiese ontwikkeling;
- 'n begrip vir etiese oorwegings, waardes en gesindhede wat verband hou met Meganiese Tegnologie te demonstreer; en
- voldoende bevoegdheid te demonstreer om kennis en vaardighede wat in die voorafgaande modules verwerf is te kan integreer in die samestelling en aanbieding van 'n Meganiese Tegnologieopvoedingsprojek.

**NFPD121 GESYFERDHEIDMETODIEK**

2 ure 1:1

Na voltooiing van die module behoort die leerders:

- 'n afgeronde en sistematiese kennis van probleemidentifikasie, kritiese en kreatiewe probleemoplossing en strategieë te hê en kan toepas asook die teorie en praktiese implementering van getalle, bewerkings, patrone en vorms tydens les aanbiedings;
- die vaardigheid te besit om probleme te identifiseer, analiseer en strategieë te ontwikkel om effektiewe kommunikasie in die klaskamer toe te pas;
- probleemoplossingsvermoëns betreffende die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies binne die konteks van die teorie bo genoem verwerf deur onder andere gebruik te maak van toepaslike tegnologiese hulpmiddels;
- om op 'n eties-verantwoordbare manier die basiese beginsels van gesyferdheid in die klaskamer kan demonstree en met leerders en gemeenskap kan kommunikeer.

## **NFPD211      GESYFERDHEIDMETODIEK**

2 ure 1:1

Na voltooiing van die module behoort die leerders:

